Harvesters MINISTRIES
Opening the Way

Junie 2021







# Harvesters baan die weg … aanlyn

NL202106-zarAFR003wb

Covid-19 het oor die aardbol beweeg en die wêreld tot stilstand gebring. Soos wat individue, ondernemings en regerings kreatiewe maniere gevind het om aan te pas, moes die sendingwêreld dit ook doen.

"Ons wou nie momentum verloor nie," verduidelik Herman Roodt, Harvesters se hoof van Opleiding. "Ons mandaat 'maak dissipels van alle nasies' het onveranderd gebly – ons moes net nuwe maniere vind." Harvesters het voor 'n oorweldigende taak te staan gekom: om voort te gaan om leiers in 'n wêreldwye pandemie toe te rus.

## 'n Nuwe platform

Voor die aanvang van Covid-19 was die strategie om Harvesters-gelisensieerde opleiers op te lei en te ontplooi om na kerkplantings te reis en twee keer per jaar opleiding te verskaf. Namate die wêreld ingeperk is, het internasionale reise (selfs nasionale reise) beperk geraak en in baie lande kon groot groepe nie vergader nie. Maar plaaslike leiers was gretig om met hul opleiding voort te gaan.

Harvesters-streekdirekteure het besluit om sleutelleiers uit die 53 lande waar ons betrokke is te kies en hulle aanlyn op te lei as inheemse gelisensieerde opleiers. Hul mikpunt was om momentum te behou, waar dit ook al moontlik was. Die plaaslike kerk bring hoop vir die wêreld en dit moes meer as ooit vantevore effektief en gemobiliseerd wees!

## Praktiese probleme wat getakel moes word

In 'n moderne era van tegnologie is dit belangrik om te onthou dat baie van die gemeenskappe waar Harvesters aktief is, nie toegang het tot masjiene, elektrisiteit of die Internet nie. Plaaslike groepe het toepaslike toerusting benodig wat videokonferensies kon ondersteun en Internettoegang wat goed en betroubaar sou wees. Op baie plekke moes die materiaal en lewendige opleiding ook vertaal word. Dit was 'n grootskaalse projek.

## Opleiding kom aan die gang

Herman se eerste inheemse opleidingsessie met leiers in Wes- en Sentraal-Afrika het in Februarie 2021 plaasgevind. Herbie Venter, streekdirekteur vir hierdie gebied, het sowat 15 sleutelleraars gekies. Hierbenewens het meer as 100 studente op verskillende vlakke van Harvesters-opleiding ook meegedoen. Die 120 mense kon in Kinshasa in die Demokratiese Republiek die Kongo byeenkom. "Daar is 'n diep honger na opleiding," berig Herman – soos blyk uit die getal deelnemers. Harvesters het modems, data en 'n videoprojektor voorsien vir die opleiding oor drie dae wat gedoen is met Franse tolke van Kameroen.

"Daar was groot opgewondenheid toe glimlaggende gesigte vol afwagting op die rekenaarskerm begin verskyn," onthou Herman. "Mense van Kameroen, die Ivoorkus en die DRK het mekaar gegroet met 'Bonjour Pasteur'."

'n Week later het opleiding met nege inheemse leiers van Suidoos-Asië en Noord-Afrika begin. Hierdie keer het al die deelnemers Engels verstaan, wat die opleiding vinniger en eenvoudiger gemaak het. Baie van die leraars kom egter van lande waar Christene vervolging ondervind en hulle het baie gewaag om deel te neem. "Ek kon duidelik aanvoel hoe hierdie leraars bemoedig is deur ander van verskillende lande te sien wat soortgelyke uitdagings die hoof moet bied," verduidelik Herman. "Op die skerm voor my het ek kosbare broers gesien wat baie gely het en tog voortgaan om die Here met groot ywer en vreugde te dien."

Harvesters Ministries is trots daarop om met uiters bekwame inheemse leiers oor die wêreld heen te werk en hulle toe te rus om te evangeliseer, dissipels te maak en kerke te plant. "Hulle het die mense van hul streke lief en toon 'n groot gretigheid," sê Herman. "Hulle het eienaarskap aanvaar en waardeer die vertroue en bevestiging wat hulle van Harvesters ontvang."

## Die aanlyn opleiding gaan voort

Met tye is dit nie maklik nie. Daar is baie wesenlike kwessies rondom tegnologie, kragonderbrekings, Internetverbindings en vertalingsvertragings. Dit verg geduld van die deelnemers en natuurlik van Herman wat vir dae op 'n keer aanlyn onderrig. Maar die belangrikste is dat Harvesters-leraars oor die wêreld heen voel dat hulle ondersteun word, aangemoedig word en verbind is. Alhoewel ons daarna uitsien om spoedig weer gelisensieerde opleiers te kan stuur om persoonlik te onderrig, is ons dankbaar dat ons kon voortgaan om ons Harvesters-leiers te midde van hierdie krisis lief te hê en te bedien.

## Ook in hierdie uitgawe:

2 'n Vreugdevolle reis om Bybels in Lesotho af te lewer.

4 'n Vervolgde man volhard.

# 'n Vreugdevolle reis om Bybels in Lesotho af te lewer

"Hoe wonderlik klink op die berge die voetstappe van hom wat die goeie boodskap bring" – Jesaja 52:7

In Maart vanjaar het 'n Harvesters-span vir 'n week in die bergagtige terrein van Lesotho gereis en meer as 1 000 Bybels suksesvol afgelewer. Die entoesiastiese groep van agt – wat hul reis in Suid-Afrika begin het – het 1 080 Sotho Bybels opgelaai en na die grens vertrek. Harvesters het tans 127 geplante kerke in Lesotho en 98 leraars wat opgelei word.

"Span Lesotho het vanoggend die grens oorgesteek," het die vreugdevolle verslag die volgende dag gekom. "Ons het in drie spanne verdeel en elkeen sal vandag twee gemeentes besoek om Bybels uit te deel."

## Lewensveranderende Bybels

Op die eerste dag het een van die groepe Joseph in die dorpie Mokhehle ontmoet. Hy is geesdriftig daaroor om die Evangelie te deel en was verheug om 'n Bybel in sy eie taal van Harvesters Ministries te ontvang. "Ek is so dankbaar, want ek het nie 'n Bybel gehad om met my vriende te deel nie," sê Joseph wat 'n evangelis wil word. "Ek dank God opreg want ek gaan dit met my vriende en familie deel wat niks van Jesus weet nie. Ek gaan die Woord verkondig. Hierdie Bybel gaan my help, want ek wil meer van Jesus Christus leer." Bybels wat deur Harvesters voorsien word, is in die plaaslike taal sodat mense makliker toegang kan hê tot die ware Evangelie en dit kan ken.

Pastoor Joshua en sy vrou Likhama van die dorpie Ha Lesia, was veral dankbaar om hul Sotho Bybels te ontvang, want hulle het probleme met vals leringe wat nuwe bekeerlinge in hul gebied mislei. Harvesters Ministries het 16 Bybels onder die leiers en gemeentelede van hul kerk versprei en hulle kan nou self die Woord lees. Ons bid dat die Waarheid in hul hele dorpie bekend sal word.

Harvesters Ministries stuur nie bloot bokse Bybels uit nie – ons besorg dit direk in die hande van ons leraars, studente en gemeentelede. Ons deel getuienisse, bid saam, deel die Evangelie en help mense om hul nuwe Bybels te lees en te bestudeer. Hierdie kosbare oomblikke – soos Span Lesotho-lid Steven wat twee plaaslike mans leer hoe om hul nuwe Bybels te gebruik om ander na Jesus te lei – is belangrike elemente van elke Bybelplasingsreis.

## Die impak van Harvesters Ministries in Lesotho

Op dag twee was Span Lesotho gereed vir die besige dag wat voorgelê het om nog 12 Harvesters-kerke te besoek. In 'n landelike dorpie genaamd Leribe, is 'n plaaslike kerk wat deur pastoor Kerabo geplant is. Hy het reeds drie kerke geplant en het pas sy Fase C Harvesters-opleiding voltooi wat homiletiek en preekvoorbereiding dek. Hy het die impak wat die Harvesters-program gehad het







*Danksy getroue ondersteuners soos jy, kon Bybels aan gemeetelede in landelike Lesotho voorsien word. Opleiding kon ook aan die ontvangers van hierdie Bybels gebied word.*



met Francois Snyman, Harvesters se landleier in Lesotho, bespreek. "Die werk van God is makliker gemaak vir ons as leraars. Ons het altyd die werk en die oes as so ingewikkeld beskou," verduidelik Kerabo. "Maar deur hierdie opleiding het ek geleer dat dit moontlik is om siele te wen sonder enige ander bekommernis oor uitgawes en geld en klankstelsels. Ek is opgewonde! Die werk van God is so wonderlik."

Teen die einde van die reis het die span pastoor Matuso ontmoet. Sy is 'n toegewyde leraar in die Mafeteng-distrik wat elke Sondag drie uur stap om haar gemeente bo-op een van Lesotho se berge te ontmoet. "Ek het 'n passie daarvoor om mense van die Woord van God te vertel," het sy die span meegedeel, "want ek het besef dat mense deur die duiwel gemartel word. Die Woord van God help hulle om vry te wees van die bindings." Haar kerklidmate het hul eie lewensveranderende Bybels van Harvesters Ministries ontvang. Ons bid dat die Waarheid hulle vry sal maak.

Matuso, wat pas Fase E wat die Nuwe Testament bestudeer, voltooi het, het die Harvesters-opleiding so nuttig gevind. "Dit het my toegerus met die kennis wat ek nie voorheen gehad het nie," verduidelik sy. "Ek het op baie terreine verbeter as gevolg van die boeke wat hulle vir ons gegee het. Ons leer hoe om te preek, hoe om 'n preek voor te berei en hoe om met mense oor die Woord van God te praat."

'n Ander leier in 'n afgeleë dorpie ongeveer 30 km van die dorp Maseru, het die span ook bedank vir die Harvesters-opleiding. "Die materiaal het my in werklikheid krag gegee," het hy gesê. "Dit het my moed gegee om van huis tot huis te gaan om die mense van Jesus te vertel." Hierdie leraar reis elke Saterdag van Maseru en preek getrou in die omliggende dorpies wat geen elektrisiteit of lopende water het nie. Die Here werk deur hom en een van sy kerke het nou 30 volwassenes en 25 jongmense.

### 'n Suksesvolle reis

Gedurende hul week het Span Lesotho duisende kilometers afgelê op stamperige grondpaaie en soms deur stormagtige weer om 1 080 Bybels by 61 kerke af te lewer. "Dit was so 'n seën om so baie getroue kinders van God te ontmoet en hulle toe te rus met God se Woord," besin André Jooste – bestuurder van Harvesters Bibles for Believers – met die span se terugkeer. "Ons bid dat God se Woord nie leeg sal terugkeer nie."

Danksy jul skenkings het hierdie Bybelplasing die lewens van meer as duisend gelowiges in Lesotho verander. Dit kos R300 om 'n moedertaal-Bybel in die hande van ons Harvesters-broers en -susters te plaas. Oorweeg dit vandag biddend om 'n geskenk van onskatbare waarde – 'n Bybel – te gee.



*Wanneer jy hande vat met Harvesters maak jy die weg oop vir onbereiktes om Jesus te kan ken.*
*Jy het onlangs gehelp om Bybels aan gemeentelede in die bergagtige Lesotho te voorsien. Dankie vir jou geskenke en gebede!*





# ’n Vervolgde man volhard

Pastoor Treng* is ’n vreeslose leier in Viëtnam. Te midde van toenemende vervolging vir Christene in Suidoos-Asië, bly Treng geesdriftig oor die deel van die Evangelie. Hy het drie gesinne in sy dorpie na Christus gelei en ’n huiskerk geplant. Toe die owerhede daarvan uitvind, het hulle mag gebruik om dit te sluit. “Ek is geslaan en hulle het my Bybel gekonfiskeer … dus geen selgroep nie,” verduidelik Treng, bekommerd nie oor homself nie, maar oor sy gemeentelede.

Onverskrokke gaan Treng voort om te evangeliseer. Tydens ’n gebedsrondte in ’n naburige dorpie, is hy weer erg geslaan en met sy lewe gedreig. Tot dusver het die getroue leraar twee kerke geplant en hy is besig om ’n derde een te plant. “God maak altyd die deur vir ons oop,” getuig hy. “In die moeilike tye seën God ons.”

Vir baie kerkplanters is om “ja” te sê vir die roeping van Jesus, werklik ’n lewe-of-dood-besluit. Bid vir pastoor Treng en gelowiges in Suidoos-Asië.

*Naam verander.

## Skakel met Harvesters Ministries op enigeen van ons platforms:

- Facebook – www.facebook.com/harvestersmin
- Instagram – www.instagram.com/harvestersministries
- YouTube – www.youtube.com/c/HarvestersMinistries
- Webtuiste – www.harvestersministries.com

**Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:**
Harvesters Ministries, ABSA Bank,
Rekeningnommer: 4075041297, Takkode: 632005
Verwysing: “NE0621WB+[jou naam]

**Meer opsies om te gee:**
Besoek ons webblad
of gee via Zapper of SnapScan …

zapper™ SnapScan

Baie dankie vir jou ondersteuning!

Harvesters MINISTRIES


Harvesters Ministries is ‘n Geregistreerde Nie-Winsgewende- en Openbare Weldaadsorganisasie Organisasie (NPO en PBO).

WhatsApp: **064-809-6326**
(stuur jou naam en van en ons sal jou kontak).

Telefoon: **021-300-5629**

E-pos: **info@harvestersministries.com**

Posdres: **Freepost CB11432 • Strand, 7139**
(Geen posgeld nodig nie indien binne Suid-Afrika gepos word).

Fisiese Adres: **Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park • Somerset-Wes , 7130**


*Tree met Harvesters Ministries in verbinding indien jy wil hê ons moet die gratis Dissipelmakerskursus by jou kerk kom aanbied.*

Opening the Way